# “’n Foto vir Facebook” Fanie Viljoen

## Aktiwiteit 1: Pre-lees

- Hoe dikwels neem jy ’n foto van jouself met ’n selfoon?
- Hoeveel profielfoto’s is daar van jouself op Facebook?
- Dink jy ander mense kry die regte indruk van ons na aanleiding van ’n foto, of kan ’n foto baie misleidend wees?
- Het jy ook al kamma-rolle gespeel vir ’n fotosessie soos die tiener in die gedig? Waarom?

## Aktiwiteit 2: Praat: Informele gesprek

Maak die volgende stellings een-een. Laat leerders self besluit wanneer hulle ’n bydrae wil gee. Elkeen moet EEN KEER praat. Indien almal ’n beurt gehad het, kan dié wat wil, verder deelneem. Onthou, jy moet geldig motiveer!

1. Met selfone en Facebook in ons midde verstaan baie mense nie meer die woord “privaat” nie. Ja of nee?
2. Facebook is tydmors. Wat is al die ure wat daar gebruik word, nie werd nie? Ja of nee?
3. Facebook help mense wat moeilik vriende maak. Ja of nee?

4. Facebook-vriende is meestal oppervlakkig. Ja of nee?
5. Facebook moedig selfbeheptheid aan (dat jy dink alles gaan oor jou). Ja of nee?
6. Grootmense hoort nie op Facebook nie. Ja of nee?
7. Die foto's wat meisies graag op Facebook plaas, is so irriterend: dis alewig pruilbekkies of tonge wat uitsteek. Ja of nee?
8. Baie tieners skep 'n sekere "beeld" van hulleself op Facebook, omdat hulle dan ander se indrukke van hulle kan "beheer". Ja of nee?
9. Tieners is steeds te onverskillig met hoe toeganklik hul profiele vir ander is. Ja of nee?
10. Mense onderskat die waarde van Facebook. Ja of nee?

## Aktiwiteit 3: Post-lees: Skryfjoernaal ✍

Maak een inskrywing van drie volsinne op Facebook:

Inskrywing 1: Ek kry rêrig 'n kramp oor diegene wat van elke koppie koffie wat hulle drink, 'n Facebook-"inskrywing" maak.

Inskrywing 2: Wat's dit met jou, my ou? Leef tog self en los ander uit ...

Inskrywing 3: (Jou inskrywing.)

## Aktiwiteit 4: Post-lees: Skryfjoernaal: Gedig ✍

Waarom word die spiraalvorm in die gedig gebruik?

Skryf 'n spiraalgedig, 'n vrye vers. Dink eers mooi oor 'n tema en laat die kreatiewe impulse oorneem sonder om veel te dink. Verras jouself!